Verwysing: 20170310-9031
11/2/4/1/2
Navrae: Hoof: Bestuur en Beheer (Distrikte)

Omsendbrief: 0017/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Kringbestuurders; Bestuurders Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur (SIBM); Distriks- VRL-koördineerders; Prinsipale van openbare skole met graad 8 en hoër; Voorsitters van beheerliggame; Onderwyserskakelbeamptes en VRL-voorsitters/presidente

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief beskryf die prosedures vir die instelling van VRL-forums.*

Onderwerp: Bekendstelling van die WKOD-raamwerk vir die Instelling van Forums vir Verteenwoordigende Rade van Leerders (VRL'e)

1. Hierdie omsendbrief lig alle openbare skole, wat leerders van graad 8 en hoër inskryf, van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se voorneme in om forums of strukture vir die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL's) in al agt onderwysdistrikte in te stel en stel hiermee die *WKOD-raamwerk vir die Instelling van Forums vir VRL'e* bekend.

2. Die aangehegte raamwerk lig alle openbare skole van die prosesse en prosedures vir die instelling en funksionering van VRL-forums in.

3. **Wetgewende raamwerk**

3.1 Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996)

3.2 Die Wysigingswet van Onderwyswette, 2001 (Wet 57 van 2001)

3.3 Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

3.4 Die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole, soos gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 7317 van 13 Oktober 2014.

4. Artikel 11 van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, (Wet 12 van 1997) bepaal dat 'n Wes-Kaapse Onderwysraad, wat daarop gemik is om die provinsiale minister en die WKOD oor provinsiale onderwyssake te adviseer, ingestel word. Die raad word gevorm deur aangestelde en genomineerde lede van die publiek wat by die onderwyssektor betrokke is. Die grondwet van die raad laat nie die deelname van VRL-lede toe nie.

5. Die SASW bepaal dat leerders groter deelname aan die demokratiese funksionering van skole het. Elke openbare skool wat leerders in graad 8 en hoër inskryf, moet 'n VLR instel. Dit benadruk die fundamentele grondwetlike beginsels van koöperatiewe beheer en deelnemende bestuur. Die SASW bepaal die deelname van leerders om op die beheerliggaam te dien en dat hulle van 'n regmatige geleentheid voorsien word om 'n rol in skoolbeheer te speel.

6. Alhoewel die VRL 'n statutêre liggaam is soos deur die SASW bepaal, verskaf nóg die SASW nóg enige ander wet 'n raamwerk vir VRL-forums.

7. Die WKOD wil dus forums daarstel sodat VRL-lede 'n geleentheid kan kry om op beide distriks- en provinsiale vlak oor kwessies van gemeenskaplike belang te beraadslaag.

8. Die aangehegte raamwerk het ten doel om kringe/klusters en distrikte te help om hierdie forums in te stel.

9. Die raamwerk toon hoe skool-, kring-/kluster-, distriks- en provinsiale strukture gekies behoort te word met die verwagting om die belange van die leerders op elke spesifieke vlak te dien.

10. Die inhoud van die raamwerk moet nagekom word, en 'n demokratiese en regverdige proses moet ten alle tye bevorder word.

11. Die primêre rede waarom leerders by die skool is, behoort altyd in ag geneem te word wanneer vergaderings gereël word en tyd af van skool moet tot 'n minimum beperk word

12. Rig asseblief alle navrae aan die betrokke distriks- VRL-koördineerder:
    - Distrik Metro-Oos: Me May-Joan Swartz, tel. nr. 021 900 7253
    - Distrik Metro-Suid: Me Reginald Dreyer, tel. nr. 021 374 4107
    - Distrik Metro-Noord: Mnr David Leonard, tel. nr. 021 938 3170
    - Distrik Metro-Sentraal: Me Anusha Naidoo, tel. nr. 021 514 6700/6716
    - Distrik Kaapse Wynland: Mnr Fred Josias, tel. nr. 023 348 4600

- Distrik Weskus: Mnr Tommy Loriston, tel. nr. 021 860 1200
- Distrik Overberg: Mnr Mike Kobus, tel. nr. 028 214 7368
- Distrik Eden en Sentrale Karoo: Me Sinovuyo Stofile, tel. nr. 044 803 8300/8315

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief en die aangehegte raamwerk onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-04-26

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur
en Beheerbeplanning

WKOD-RAAMWERK VIR DIE INSTELLING VAN FORUMS VIR VERTEENWOORDIGENDE RADE VAN LEERDERS (VRL'e)

1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), bepaal dat leerders 'n groter deelname aan die funksionering van die skool het. Elke openbare skool wat leerders in graad 8 en hoër inskryf, moet 'n Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) instel. Dit onderstreep die fundamentele grondwetlike beginsels van koöperatiewe beheer en deelnemende bestuur. Die SASW onderstreep ook die grondwetlike verpligting van skole om twee leerders op die beheerliggaam in te sluit. Dit sal leerders 'n regmatige rol gee om besluite te beïnvloed.

Ingevolge die Provinsiale Strategiese Plan 2014–2019, moet die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) seker maak dat dit vir beter onderwys voorsiening maak, ooreenkomstig die Wes-Kaapse Regering (WKR) se visie wat ten doel het om 'n "***open opportunity society for all"*** te skep, ***waar elke persoon – oud en jonk – die geleentheid gebied word om hul lewens te verbeter en hul drome te realiseer, ongeag die omstandighede rondom hul geboorte***.

WKR Strategiese Doelwit twee het ten doel om "***Improving education outcomes and opportunities for youth development***". Die WKR het met belanghebbers beraadslag om behoorlike ondersteuning vir geselekteerde prioriteite, wat as spelwysigers bekend staan, te verseker. Hierdie spelwysigers is gefokus op die jeug en wettige organisasies wat jong mense verteenwoordig. Die siening van die WKR is dat hierdie geselekteerde prioriteite die lewens van mense in die provinsie betekenisvol kan verander.

Tans bestaan daar geen provinsiale liggaam om 'n platform vir VRL'e en die WKOD te skep om opvoedkundige sake te bespreek nie. Tydens VRL-opleiding is luidkeels vir die instel van 'n provinsiale forum gevra sodat kwessies van gemeenskaplike belang, beste praktyk en beleidshervorming gedeel kan word. Die platform sal ook die WKOD help om eerder leerderverteenwoordigers oor kwessies van gemeenskaplike belang te konsulteer as om 'n reaktiewe benadering aan te neem.

2. WETSRAAMWERK

- Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996)
- Die Wysigingswet van Onderwyswette, 2001 (Wet 57 van 2001)
- Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1977 (Wet 12 van 1997)
- Die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole, soos gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 7317 van 13 Oktober 2014

Volgens die wysigings aan paragraaf 1, artikel 11(1), Hoofstuk 2 van die SASW, moet 'n VRL by elke openbare skool, wat leerders in graad 8 en hoër inskryf, ingestel word. Sodanige raad is die **enigste** erkende en regmatige verteenwoordigende leerderliggaam by die skool.

Artikel 11 van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), bepaal dat 'n Wes-Kaapse Onderwysraad, wat ten doel het om die Provinsiale Minister en die WKOD oor provinsiale onderwysaangeleenthede te adviseer, ingestel word. Die raad word saamgestel deur aangestelde en verkose lede van die publiek wat by die onderwyssektor betrokke is. Die raad verteenwoordig nie die belange van VRL'e as 'n groep nie, maar eerder van onderwys oor die algemeen. Daarom het die WKOD 'n behoefte geïdentifiseer vir 'n verteenwoordigende groep VRL'e om skool- en opvoedkundige aangeleenthede te bespreek.

3. NAME VAN FORUMS EN LIDMAATSKAP

Die volgende forums behoort ingestel te word – kring-/kluster- VRL-forums, distriks- VRL-forums, metro-/landelike VRL-forums en 'n provinsiale VRL-forum.

Die term "forum" word gebruik sodat hierdie liggaam met geen ander geregistreerde of statutêre liggame verwar word nie.

Elke forum sal uit die volgende bestaan:

- Twee VRL-presidente en twee Sekretarisse van openbare skole met graad 8 en hoër in die Wes-Kaapse Provinsies
- Een distriksamptenaar wat deur die IBB-hoof/-bestuurder genomineer is: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur (SIBMB) vir VRL-koördinering
- Twee Onderwyserskakelbeamptes (OSB's) genomineer deur die IBB-hoof/-bestuurder: SIBMB vir die kring/kluster
- Een provinsiale VRL-koördineerder van Hoofkantoor
- Drie distriks- VRL-koördineerders wat genomineer is deur die Direkteur: Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanning (IBBP).

4. PROSES VIR DIE INSTELLING VAN FORUMS

Die distrikskantoor sal soos volg met die instelling van die aanvanklike tussentydse forums help:

- By die eerste vergadering van 'n kring-/klusterforum sal **twee** VRL-presidente en **twee** VRL-sekretarisse verkies word om op die tussentydse kring-/klusterforum te dien.
- By die eerste distriksforum sal **twee** VRL-presidente en **twee** VRL-sekretarisse verkies word om op die tussentydse distriksforum te dien.
- By die eerste metro-/landelike forum sal **twee** VRL-presidente en **twee** VRL-sekretarisse verkies word om op die tussentydse metro-/landelike forum te dien.
- By die eerste provinsiale forum sal **twee** VRL-presidente en **twee** VRL-sekretarisse verkies word om op die provinsiale forum te dien.

5. NOMINASIE- EN VERKIESINGSPROSES

Die distrikskantoor sal die instelling van vlakke en die verkiesingsproses administreer.
Die distriks- VRL-koördineerder in elke distrik sal nominasie- en verkiesingsdatums vasstel. Waar verkiesings plaasvind, sal sodanige stemprosesse billik, volgens die korrekte prosedure en onder toesig van die distriks- VRL-koördineerder of 'n gedelegeerde OSB plaasvind.

5.1 Kring-/klusterforum

VRL-presidente en -sekretarisse van alle openbare skole in 'n kring/kluster sal die kring-/klusterforum vorm.

5.2 Distriksforum

By die eerste vergadering van die distriksforum sal twee verteenwoordigers per kring/kluster deur die kring/kluster verkies word om op die distriksforum te dien.

5.3 Metro-/landelike forum

By die eerste vergadering van die metro-/landelike forum sal twee verteenwoordigers per distrik deur die distrik verkies word om in die metro-/landelike forum te dien.

5.4 Provinsiale forum

By die eerste provinsiale vergadering sal elke metro-/landelike forum twee van sy verteenwoordigers verkies om in die provinsiale forum te dien.

Alle distrikte moet by die provinsiale forum verteenwoordig wees.

6. BEVESTIGING VAN VERKIESING

Sodra die verkiesings afgehandel en die name en besonderhede van die verkose persone ontvang is, sal die IBB-hoof/-bestuurder: SIBMB die verkiesing van lede vir die distriksforum skriftelik bevestig.

Sodra die verkiesings afgehandel en die name en besonderhede van die verkose persone ontvang is, sal die Hoof van Onderwys die verkiesing van lede vir die provinsiale forum skriftelik bevestig.

7. AMPSTERMYN

'n VRL-president en –sekretaris sal lede van al die strukture hierbo bly, solank hulle VRL-lede in hul onderskeie skole is.

Die ampstermyn op alle vlakke is 12 maande (een jaar). Lidmaatskap van die distrik, metro-/landelike en provinsiale forums sal jaarliks in Januarie eindig. Nuwe lede sal jaarliks in Februarie vir die kring-/kluster-, distriks-, metro-/landelike en provinsiale forum verkies word.

Lede mag vir 'n tweede ampstermyn herverkies word, maar mag nie langer as twee termyne op die VRL van hul skole dien nie.

8. VAKATURES

- 'n Lid wat nie meer as 'n lid van die forum kan deelneem nie, moet die forum(s) skriftelik van sy/haar bedanking in kennis stel.
- Waar 'n vakature geskep word, moet 'n ander verteenwoordiger van die betrokke kring-/kluster-/metro- of landelike forum binne een maand verkies word.
- Die verrigtinge van die forum sal nie ongeldig wees omdat daar 'n vakature op die forum bestaan nie.

9. PROVINSIALE VRL-FORUM

Die Provinsiale VRL-forum sal die moederliggaam van VRL-forums binne die provinsie wees. Hierdie struktuur sal VRL'e op nasionale vlak verteenwoordig. Dit sal 'n visie, 'n grondwet en 'n gedragskode vir VRL'e in die provinsie ontwikkel.

10. STRUKTUUR

Die forums sal ses (6) ampsdraers verkies:

- President
- Adjunkpresident
- Sekretaris
- Adjunksekretaris
- Tesourier
- Openbarebetrekkingebeampte
- 10 addisionele lede

NB: Persone genomineer om as ampsdraers te dien, moet voor verkiesing tot nominasie instem.

Die aankondiging van die verkiesingsuitslae sal in die teenwoordigheid van alle verteenwoordigers, insluitende die genomineerdes, gedoen word.

11. REËLS VIR PROVINSIALE FORUMVERRIGTINGE

By die eerste vergadering van 'n forum sal die forum reëls ten opsigte van die prosedures by die vergaderings, insluitende die reël van vergaderings, notules, gedragskode en enige ander aangeleentheid wat noodsaaklik vir die behoorlike werking van die forum blyk te wees, opstel.

12. VERGADERINGS

Vier amptelike vergaderings vir konsultasiedoeleindes sal jaarliks geskeduleer word. Die eerste een hiervan moet vir induksie en die opstel van 'n kalender vir aktiwiteite vir die jaar benut word.

Die sekretarisse van elke forum sal 14 dae skriftelike kennis van vergaderings vir die lede gee.

Vergaderings van die provinsiale forum sal verkieslik op Saterdae tussen 10:00 en 15:00 geskeduleer word sodat lede uit landelike distrikte dit kan bywoon.

'n WKOD-amptenaar sal tydens die eerste vergadering van 'n nuutverkose forum op die verskillende vlakke optree sodat 'n uitvoerende komitee verkies kan word.

13. KWORUM

Die kworum vir 'n vergadering sal 50+1 van die verkose lede van die forum wees.

14. FUNKSIES VAN DIE FORUM

Die forums bestaan vir konsultasiedoeleindes. Geen politieke of georganiseerde affiliasieverteenwoordiging of agendas sal geduld word nie.

Die forums moet:

- oor onderwysaangeleenthede van toepassing op leerders konsulteer en adviseer;
- inligting en sienings oor onderwys en beheer deel;
- oor enige aangeleentheid wat betrekking het op behoorlike onderwys en geleerdheid in skole saamwerk;
- terugvoering aan distrikte en kring-/klusterforums verskaf;
- beste praktyke oor leerdergedrag en gedragskodes konsulteer en deel;
- konsulteer oor dienslewering en hulpbronne wat die onderwys van alle leerders bevoordeel.

15. VERGADERPLEKKE

Kring-/kluster-, distriks-, metro-/landelike en provinsiale forums sal geskikte vergaderplekke kies, so sentraal as moontlik vir alle lede – met inagname van reiskoste sodat departementele onkoste so laag as moontlik gehou word. Voorkeur moet gegee word aan gratis fasiliteite, bv. skool- of distriksfasiliteite.

Die WKOD se provinsiale VRL-koördineerder sal jaarliks die vergaderplek van die eerste vergadering bespreek en vasmaak.

16. BEFONDSING

Die WKOD-hoofkantoor sal die vier amptelike metro-/landelike en provinsiale vergaderings per jaar vir konsultasiedoeleindes befonds.

Die distrikskantore sal die vier amptelike kring-/kluster- en distriksvergaderings per jaar vir konsultasiedoeleindes befonds.

17. ADMINISTRATIEWE ONDERSTEUNING

Die WKOD-hoofkantoor sal 'n gedelegeerde administratiewe amptenaar vir die provinsiale forum verskaf. Die amptenaar sal as die sekretaris vir die forum optree en ook administratiewe pligte uitvoer en, waar nodig, aandag aan betalings skenk, d.w.s. papier/e-posse. fakse, ens.

18. AKKOMMODASIE

In gevalle waar lede van die provinsiale forum lang afstande reis en oornagverblyf verlang, moet reëlings deur die eise-amptenaar getref word. Oorslaap moet so ver moontlik vermy word. Indien oorslaap egter nie vermy kan word nie, kan hoogstens twee maaltye van R150,00 elk per persoon per vergadering geëis word.

19. VERVERSINGS

Die WKOD sal ligte verversings by distriks- en provinsiale forumvergaderings verskaf. Indien ander forums of distrikte so verkies, mag hulle op eie onkoste vir addisionele verversings reël. In gevalle waar lede lang afstande gereis het om 'n distriks- of provinsiale vergadering by te woon, mag net een addisionele maaltyd, wat nie R79,98 per kop oorskry nie, per persoon per vergadering geëis word.

20. EISE

Die OSB, wat leerders vergesel, mag reiskoste eis. Inligting aangaande eise is by 'n gedelegeerde forumamptenaar/eise-amptenaar in die distrikte of by Hoofkantoor beskikbaar. Alle eise of reisuitgawes moet by die forum se eise-amptenaar ingedien word. Die eise-amptenaar sal seker maak dat dit korrek is en dit vir betaling verwerk. Die WKOD behou die reg om die betaling te weier van enige eis wat as ongemagtig of buitensporig gereken word, of vir onnodige uitgawes.